

Leefstyl

f /Vermaakbylae @Leefstyl24 /leefstyl

Riëtte Grobler
011 713 9333



'n Model met 'n hoed wat deur Triologie ontwerp is in die Singapore Designer Showcase tydens die Audi-modeweek, wat in Singapoer gehou is. Bykomstighede soos handsakke, sonbrille en juwele is steeds groot modenuus. Hoede maak ook weer 'n terugkeer en is net die manier om jou eiesoortige stylstempel op 'n uitrusting te plaas, meen kenners. Foto: GETTY

Dove wil SA meisies selfvertroue leer

Dit is geen geheim nie dat die druk op meisies om “mooi” te wees, 'n groot uitwerking op hul selfvertroue en dus ook op hul toekomstige potensiaal het.

Daarom het die skoonheids-huis Dove onlangs sy internasionale selfvertroueprojek in Suid-Afrika bekend gestel om die volgende generasie vroue te help ontwikkel aan 'n positiewe verhouding met hulself.

Dove se doelwit is om die selfvertroue van meer as 15 miljoen meisies en jong vroue teen 2015 te verbeter.

Volgens Dove se navorsing dink slegs 4% van vroue wêreldwyd dat hulle mooi is.

Angstigheid oor hul voorkoms begin ook reeds vroeg, en ses uit tien meisies is só besorg oor hul uiterlike dat dit hulle keer om

aan 'n verskeidenheid sport- en sosiale aktiwiteite deel te neem. Hulle vermy ook doktersafsprake, lug nie hul mening nie, steek nie hul hand in die klas op nie en bly selfs van die skool af weg.

Die projek bied selfvertrou-opvoeding aan kinders (hoofsaaklik meisies) van tussen agt en 17, met lesse wat in skole, werksessies of op digitale platforme kan geskied.

Die program fokus op vyf belangrike onderwerpe wat 'n groot invloed op 'n meisie se selfvertroue en liggaamsekerheid het.

Jy kan op die webtuiste registreer as 'n ouer, onderwyser of mentor vir inhoud wat spesiaal op jou behoeftes gerig is.

Besoek selfesteem.dove.co.za vir meer inligting.



Die Salsa-denimreeks se Push Up-denim.

Hupstoot vir jou sitvlak

Byna elke vrou loer seker 'n paar keer in die spieël na haar agterstewe voordat sy op 'n denimbroek besluit.

Plaaslik is daar nou twee internasionale denimreeks met ingeboude ondersteuning beskikbaar wat jou sitvlak 'n ekstra hupstoot gee.

- Die Salsa-denimreeks se Push-Up-broek word van versterkte materiaal gemaak en het 'n spesiale snit wat 'n voller en parmantige voorkoms verleen. Salsa-denims kos van R1 199,95 tot R1 699,96 en is by Edgars-winkels te koop.

- Die Italiaanse Freddy WR.UP-denimreeks vlei nie net jou sitvlak nie, maar ook jou maag danksy 'n silikonband wat ook keer dat die broek afgly of gaap. Freddy-broeke is nommerpas gesny en bevat 'n ekstraligte silikonmembraan wat 'n lig-effek gee.

Silikon word ook by die broek se heup- en boeëgedeeltes ingevoeg.

'n Oefenbroek is ook beskikbaar. Freddy WR.UP-broeke kos van R800 tot R1 799 en is by die Freddy Pant Room by 44 Stanley, Milpark, of by uitgesoekte Stuttafords-winkels te koop. – **Celinda Groenewald**

NATANIEL

Potch
23 Mei 19:00
artema.co.za

Aula
24 Mei 20:00
Computicket

Besluit self.

MY CASCADES CLUB MYKONOS, LANGEBAAN

JY BETAAL R205


VERBLYF VIR 4 VOLWASSENES EN 2 KINDERS. KINDERS JONGER AS 12 BLY GRATIS. 23 APRIL – 21 DESEMBER 2014

VIR MEER INLIGTING
SMS 'BEELD' MET JOU NAAM NA 32060

Of skakel ons by
086-125-8275
om meer uit te vind.

Beeld reisklub

1 nag (midweek) R205 • 2 nagte (midweek) R410 • 2 nagte (navweek) R614 • 3 nagte (midweek) R614 • 4 nagte (midweek) R819 • 7 nagte (week) R1 638. Verblif in 'n 2-slaapkamer-kalwa (verblif vir 4 volwassenes, 2 kinders jonger as 12 bly gratis) en kinderklub is ingesluit. Hierdie reisaanbod is onderwerp aan beskikbaarheid. Die aanbod het beperkte voorraad teen hierdie prys. Alle aanmeldings is op 'n grondslag van eerste daar, eerste klaar. Die prys word gekwoteer op die goedkoopste beskikbare opie en kan weens tyd van bespreking en kamerkatgorie verander. Prys kan weens wisselkoerse verander.



Is gesigsvullers die antwoord vir 'n verlengde jeug?

Foto: THINKSTOCK

Ouderdom druk mettertyd sy stempel op almal af. Maar lê die wapen teen plooië en lyne dalk in spuitnaalde opgesluit? **Celinda Groenewald** het meer oor gesigsvullers gaan uitvind.

Dit is 'n veranderingsproses wat stelselmatig plaasvind, maar een oggend kyk jy in die spieël en besef: “Ek lyk oud! Wat het gebeur?”

Dit is hoofsaaklik 'n verlies aan volume wat 'n mens se gesig ouer laat lyk, sê dr. Deon van der Westhuizen, 'n lid van die vereniging van plastiese en rekonstruktiewe chirurgie van Suid-Afrika.

Hy verwys na die area onder die onderste ooglede, wat die wange, bolip en lyntjies wat van die neus tot die buitenste mondhoeke strek (nasolabiale voue), insluit.

Soos 'n mens verouder, veroorsaak klein veranderinge aan die beenstruktuur en die agteruitgang van sagte weefsel dat been deur die vel begin wys.

Wange sak dan in, wat die gesig vernou en wangbene prominenter laat vertoon.

Sagte weefsel wat rondom die keel uitsak, verbreed 'n mens se gesig om die kakebeen, en jou neus begin insak soos been om die neusgate inkrimp.

Dit verleng weer die bolip sodat dit verder oor die botande hang en daarmee saam beweeg die kakebeen ook effens

opwaarts.

Die hoogte van die gesig krimp dus verder in. Al dié veranderinge maak die nasolabiale voue boonop sigbaarder.

Anders as Botox

Hoewel gesigsverjonging soos plastiese chirurgie 'n oplossing bied, is daar ook nie-chirurgiese alternatiewe in die vorm van gesigsvullers.

Dié vullers bestaan uit 'n jellagtige stof wat onder die vel ingespuut word om verlore volume op te vul en voue uit te stryk.

Dit werk anders as inspuitings teen plooië soos Botox, wat 'n mens se spiere laat ontspan sodat lyntjies nie so diep lyk nie.

“Met vullers sit ons fisiek volume terug in die gesig, wat dan die vel en spiere groter ondersteuning gee om die gesigvorm te herstel,” sê Van der Westhuizen.

Die vullers kan op hul eie of saam met ander metodes van nie-chirurgiese jongering gebruik word om die subtiliteit van die resultate te verseker en dit langer te laat hou.

Die herhaalde gebruik van die vullers stimuleer glo boonop die vel om meer kollageen

te produseer, wat dan ook die resultate verbeter.

Vullers soos Juvéderm en Restylane word van 'n sintetiese hialuroonsuur gemaak – 'n natuurlike suiker in die vel wat help om volume en elasticiteit te handhaaf.

Daar is meer as 40 soorte vullers waarvan die hialuroonsuurgroep een is.

Dié produk word stadigaan afgebreek en jy kan dit laat verfris of verwyder indien dit probleme veroorsaak. Om van meer permanente vullers ontslae te raak, sal 'n operasie verg.

Dr. Maureen Allem, stigter van Skin Renewal, waarsku dat permanente vullers berug is daarvoor dat dit jare daarna nog komplikasies soos nodules en granulomas veroorsaak.

Voorkombare komplikasies

Die kenners is dit eens: Indien jy 'n goed opgeleide en kundige mediese dokter vir dié prosedure nader, is die kans op nuwe-effekte en komplikasies baie skraal en beslis voorkombaar.

“Vullers wat verkeerdlik in wange ingespuut word, kan 'n geswelde voorkoms veroorsaak.

“Oppervlakkige toediening

kan weer 'n blou tint, oftewel die Tyndall-effek, gee,” sê Allem.

Die voorkombare nuwe-effekte is onder meer rooi knoppe as gevolg van hiper-sensitiwiteit, 'n biofilm-infeksie (wanneer byvoorbeeld kolonies bakterieë 'n “skild” vorm wat hulle beskerm teen antibiotika) en beskadiging van die bloedvate in.

Volgens Van der Westhuizen is die nuwe soort meer vloeibare vullers makliker om te gebruik.

Die kneusing en swelling is minder en die resultate is meer voorspelbaar en subtieler en kan tot 18 maande hou.

Volgens die Raad op Gesondheidsberoep (RGB) mag vullers slegs deur goed opgeleide en geregistreerde dokters toegedien word.

Dié vereiste word ongelukkig nie streng genoeg geregleer nie.

“Wees bewus daarvan dat daar skoonheidsterapeute, verpleegsters en ongeregistreerde persone is wat sulke prosedures doen,” sê Allem.

“Dit is beter om vuller-prosedures in 'n ordentlike mediese praktyk te ontvang en nie in 'n skoonheidssalon waar die toerusting of kennis om kompli-

Die prys van jeugdigheid

Volgens dr. Maureen Allem, die stigter van Skin Renewal, vra pasiënte so jonk as 20 tot mense in hul 70's vir vullerbehandeling.

“Die 20-jariges vra gewoonlik vir voller lippe of wil donker sirkels onder hul oë verbeter, terwyl die ouer pasiënte volume wil herstel en algemene verjonging verlang,” sê Allem.

Die koste van dié soort vullers hang dikwels af van hoeveel volume verlore is, asook die hoeveelheid plooië en voue.

'n Mens betaal sowat R3 000 per inspuiting.

“30-jariges kort gewoonlik een of twee vullers, 40-jariges drie of vier en pasiënte oor 50 verlang vyf of meer,” sê sy.

Sodra die totale hoeveelheid vullers oor 'n sekere tydperk toegedien is, moet 'n mens sowat een vuller per jaar kry.

“Vullers hou gewoonlik enigiets van een tot twee jaar, terwyl Botox sowat drie maande hou.”

Vullers se voordeel oor 'n lang tydperk is volgens Allem dat dit kollageenproduksie verbeter.

“Selfs al het die vuller oor 'n tydperk van 12 tot 18 maande verdwyn, strek die effek daarvan langer.”

Hamsterwange en baberlippe

Is daar werklik 'n gevaar dat jy soos sekere Hollywood-sterre met opgeblaasde wange en rubberlippe uit 'n gesigsvuller-prosedure sal kom?

Volgens dr. Maureen Allem, stigter van Skin Renewal, gebeur dit slegs wanneer 'n mens deur 'n onervare, oorwyerige inspuiters behandel word wat nie weet wat hy doen nie.

“Herhaalde inspuitings in die liparea en rokerlyne kan 'n onnatuurlike forelvoorkoms gee. Rokerlyne kan slegs een of twee keer met vullers ingespuut word. As daar steeds plooië is, moet ander metodes, soos lasers, 'n Dermapen of Carboxy- of Mesoterapie gebruik word,” sê Allem.

“Vullers wat verkeerdlik in wange ingespuut word, kan jou 'n geswelde kussingvoorkoms gee. Maar indien dit deur 'n ervare inspuiters met 'n betroubare praktyk toegedien word, is die kans dat dit gebeur baie skraal.”

Allem sê Suid-Afrikaners is konserwatiewer as Amerikaners met estetiese behandelings.



Meg Ryan laat die skindertonge omtrent klap met haar “opgeblaasde” voorkoms. Foto: GETTY IMAGES